Posbus 362
**HEIDELBERG (T)**
2400

13 September 1993

Dr T Eloff
Hoof van Administrasie
Veelpartyonderhandelingsproses
Wêreldhandelsentrum
Posbus 307
**ISANDO**
1600

Geagte Dr Eloff

**BESOEK AAN WêRELDHANDELSENTRUM**

1. Hiermee word aansoek gedoen vir die besoek van 'n interkerklike afvaardiging van Christene aan die Wêreldhandelsentrum met die uitsluitlike doel om as 'n stap van gehoorsaamheid aan God aan die onderhandelaars 'n voorlegging te doen en om aan die hoofde van die politieke partye elkeen 'n Bybel beskikbaar te stel.

2. Die Bybels sal beskikbaar gestel word, die ontvangs daarvan sal op 'n vrywillige basis geskied. Die voorlegging sal gedoen word deur drie persone en 'n halfuur sal voldoende wees. Die datum van die besoek sal ons in u hande laat ten einde so min moontlik ontwrigting vir u te veroorsaak maar ook ten einde ons besoek so effektief moontlik te maak.

   Ten einde die Bybels aan spesifieke individue toe te ken sal ek u vriendelik versoek om aan my so 'n naamlys beskikbaar te stel.

3. By voorbaat dankie vir die oorweging van die aansoek.

Die uwe

**L S FRONEMAN**